

Week 5 Dag 3: Bo blink, onder stink

Lees Kol 2:6-23 en 3:1-4

Paulus sê die probleem met wettiese godsdienstige reëls is dat dit ons verblind. Dit het ’n skyn van wysheid. Dit lyk baie goed en fatsoenlik en vroom as jy Sondag ná Sondag in die

voorste bank in die kerk sit en nie jou maandelikse inkopies by die winkel doen nie.

Dit lýk goed, maar jy het waarskynlik ook al gehoor van die man wat so vroom Sondae in die kerk sit, maar ’n monster by sy huis is, of ’n gewetenlose sakeman in die week. Godsdiens is meer as net die nakom van ’n klomp reëls wat jou gewete moet sus en jou goed laat lyk in die oë van die wêreld. Maar reëls kan jou net ’n entjie help. Paulus sê dit het geen nut as dit kom by die beteueling van die sondige drifte nie.

Dit is hoekom dit belangrik is dat jy verstaan dat jou lewe in Christus verander het. Jy het saam met Hom gesterf en is dood vir die houvas van die sondige wêreld. Nie reëls nie, maar die verlossende werk van Christus help jou. Toe Christus gesterf het, het jy verander. Jy het ook gesterf, daardie dag op Golgota toe die son verduister het en die aarde gebewe het. Jy was daar. Jy is dood vir die ou lewe wat om jouself gedraai het.

Skryf dit iewers neer: “Ek het saam met Christus gesterwe en is dood vir die ou, sondige wêreld.”

> ***Gebed**: Here, ek wil saam met U sterf aan myself!*

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my

- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026